

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V1

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 150

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 15 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 Die metode wat gebruik word om die totale vergoeding van produksiefaktore af te lei, staan as die … metode bekend.

A produksie-
B inkome-
C bestedings-

1.1.2 Die metode wat by sakesiklusse gebruik word om iets onbekends uit inligting wat reeds bekend is te voorspel, staan as … bekend.

A amplitude
B ekstrapolasie
C tendens

1.1.3 Die dienste van die Suid-Afrikaanse Weermag word deur die … regering voorsien.

A sentrale
B plaaslike
C provinsiale

1.1.4 Die koop of verkoop van effekte vorm deel van … beleggings in die betalingsbalans.

A portefeulje-
B direkte
C ander

1.1.5 Negatiewe ekonomiese groei vir minstens twee opeenvolgende kwartale, staan as … bekend.

A bloei
B depressie
C resessie

1.1.6 Die staat mik na 'n meer gelyke verdeling van inkomste deur 'n … persoonlike belastingstelsel te gebruik.

A proporsionele
B regressiewe
C progressiewe

1.1.7 Wanneer 'n land se totale invoere die totale uitvoere oorskry, word daarna verwys as 'n … op die handelsbalans.

A surplus
B tekort
C ewewig

1.1.8 Met globalisering word lande ekonomies meer …

A interafhanklik.
B onafhanklik.
C geïsoleerd. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Direkte subsidies	A	waarskynlike aantal jare wat 'n persoon na geboorte sal lewe
1.2.2	Lewensverwagting	B	bied geleenthede vir leen en spaar
1.2.3	Betalingsbalans	C	regering se beraamde inkomste en uitgawes vir 'n tydperk van drie jaar
1.2.4	Verstedeliking	D	die piek van 'n sakesiklus
1.2.5	Finansiële mark	E	beweging van mense van landelike gebiede na stede en dorpe
1.2.6	Voorspoed	F	'n opsomming van 'n land se transaksies met die res van die wêreld
1.2.7	Vryhandel	G	produsente en verbruikers kan goedere en dienste enige plek in die wêreld koop en verkoop
1.2.8	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR)	H	finansiële toelaes ter ondersteuning van die produksie van uitvoergoedere
		I	'n mark vir goedere en dienste

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die doelbewuste vermindering in die waarde van 'n land se geldeenheid

1.3.2 Onderwys- en gesondheidsdienste wat deur die staat voorsien word

1.3.3 'n Model wat die vloeie tussen die deelnemers in die ekonomie illustreer

1.3.4 Die grootste bydraer tot staatsinkomste

1.3.5 Die beleid wat in 1994 in Suid-Afrika geïmplementeer is om die ongelykhede van die verlede reg te stel

1.3.6 Die instelling in Suid-Afrika wat vir monetêre beleid verantwoordelik is (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 20 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van nie-duursame goedere. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is die wisselkoersmark belangrik vir toeriste? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Voorsien die diagram hierbo van 'n gepaste opskrif. (1)

2.2.2 Noem, behalwe investering, enige ander inspuiting. (1)

2.2.3 Identifiseer **A** en **B** in die diagram hierbo. (2)

2.2.4 Hoe sal die nasionale inkome deur die lekkasies en inspuitings hierbo beïnvloed word? (2)

2.2.5 Bereken die verandering in nasionale inkome wat deur die investering hierbo veroorsaak is. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE LOPENDE REKENING OP DIE BETALINGSBALANS 2010–2012			
LOPENDE REKENING:	**R BILJOEN**		
	2010	**2011**	**2012**
Goedere-uitvoere	597	714	743
Netto gouduitvoere	59	75	71
Minus: Goedere-invoere	607	742	854
Handelsbalans	49	47	-40
Netto dienste, inkomste en lopende oordragbetalings	-102	-115	-125
Saldo op die lopende rekening	**-53**	**-68**	**-165**

[Aangepas uit die *Kwartaalblad SARB*, Desember 2013]

2.3.1 Beskryf die tendens in die saldo op die lopende rekening van 2010 tot 2012. (2)

2.3.2 Beskryf die term *handelsbalans*. (2)

2.3.3 Waarom word gouduitvoere as 'n afsonderlike item in die lopende rekening genoem? (2)

2.3.4 Hoe kan die regering ons geldeenheid gebruik om die handelsbalans van 2012 te verbeter? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *spesialisasie* en *ekonomieë van skaal* as argumente ten gunste van vryhandel. (2 x 4) (8)

2.5 Waarom is dit nodig om ontwikkelende lande teen onregverdige oorsese mededinging te beskerm? (2 x 4) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 20 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE sosiale aanwysers. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom vergader die Monetêre Beleidskomitee van die Suid-Afrikaanse Reserwebank elke twee maande? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN (NOP)

Die NOP wil hê Suid-Afrikaners moet ophou om vinger te wys na al die 'kwaaddoeners' en eerder help dat die visie vorm aanneem. Die NOP sal geïmplementeer word, maar die privaat sektor en landsburgers moet aan die proses deelneem.

Die regering het hulle goed van hul taak gekwyt deur inwoners toegang tot gesondheidsorg en onderwys te gee. Volgens die minister van finansies was die staat se rol by die implementering van die NOP nie om te dikteer nie; maar eerder om 'n raamwerk daar te stel waarbinne die privaat sektor kan funksioneer.

[Bron: *The Star, Business Report,* 20 November 2013]

3.2.1 Wat is die staat se rol in die implementering van die NOP? (2)

3.2.2 Bespreek TWEE positiewe elemente van die NOP. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verskaf die staat kwaliteit onderwys? Motiveer jou antwoord. (4)

3.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Aangepas uit *The Star, Business Report*, Oktober 2013]

3.3.1 Noem enige voordeel van swart ekonomiese bemagtiging vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)

3.3.2 Definieer die term *breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging*. (2)

3.3.3 Watter boodskap word in die spotprent uitgebeeld? (2)

3.3.4 Na jou mening, het die SEB-beleid swart mense in Suid-Afrika bevoordeel? (4)

3.4 Onderskei tussen *nywerheidsontwikkelingsones* en *spesiale ekonomiese sones.* (2 x 4) (8)

3.5 Bespreek hoe die Klein- en Medium-ondernemingontwikkelingsprogram (KMOOP) en die Buitelandse Investeringstoelae (BIT) help om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (2 x 4) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 20 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE metodes om die nasionalerekeningtotale te bereken. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is die bruto nasionale produk van Suid-Afrika oor die algemeen laer as die bruto binnelandse produk? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: *Business Times,* 2 Maart 2014]

4.2.1 Watter boodskap word in die spotprent hierbo uitgebeeld? (2)

4.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n belastingaansporing. (2)

4.2.3 Verduidelik die betekenis van *persoonlike inkomstebelasting-verligting*. (2)

4.2.4 Watter deel van die bevolking sal die grootste voordeel uit persoonlike inkomstebelastingverligting trek? Motiveer jou antwoord. (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STREEKNYWERHEIDSONTWIKKELING
BBP-BYDRAE PER PROVINSIE: 2012



[Aangepas uit *StatsSA,* September 2013]

4.3.1 Watter provinsie het in 2012 die grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie gemaak? (2)

4.3.2 Definieer die begrip *streeknywerheidsontwikkeling*. (2)

4.3.3 Wat is die gemiddelde BBP-groeikoers vir Suid-Afrika? (2)

4.3.4 Wat, dink jy, behoort die staat te doen om nywerheidsontwikkeling in onderpresterende provinsies te bevorder? (4)

4.4 Bespreek monetêre beleidsinstrumente wat gebruik word om die ekonomie te stabiliseer. (4 x 2) (8)

4.5 Assesseer hoe 'n toename in invoerpryse en 'n toename in uitvoerpryse (ruilvoet) die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed. (2 x 4) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTETOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam: **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks	Maks. 26 Maks. 10
Gevolgtrekking	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 35 MINUTE

Die staat se primêre oogmerk met sakesiklus-beleid is om die beste moontlike groeikoers te verkry.

- Bespreek die vraag-en-aanbodkant-beleid wat deur die staat gebruik word om sakesiklusse uit te stryk. (26)
- Gebruik 'n volledig benoemde grafiek om die effek van vraag-en-aanbodkant-beleide op pryse te verduidelik. (10)

[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 35 MINUTE

Ekonomiese aanwysers word gebruik om die prestasie van die ekonomie te bepaal.

- Ontleed in detail die volgende ekonomiese aanwysers:
  - Inflasiekoers
  - Indiensname

  (26)
- Na jou mening, waarom is dit belangrik vir die staat om van tyd tot tyd die prestasie van die ekonomie te assesseer? (10)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou